## BESLUITE GENEEM BY DIE GESKIEDENISKONFERENSIE TE STELLENBOSCH OP 11 APRIL 1964

1. *Voorstel van prof. dr. P. S. du Toit*

Hierdie Konferensie van Geskiedenisonderwysers onder beskerming van die Kaapstadse Tak van die *Historiese Genootskap,* versoek die Kaaplandse Onderwysdepartement vriendelik dog dringend om in samewerking met die ander Onderwysdepartemente, bv. deur die Komitee van Onderwyshoofde, aandag te gee aan die volgende:—

(a) Middele en weë om Geskiedenis as skoolvak deur die hoërskool verpligtend te maak.

(b) Die eksamen in Geskiedenis — aard en tipe van eksamen — intern of ekstern.

2. *Voorstel van prof. dr. W. J. de Kock*

(a) Hierdie Konferensie van die Kaapstadse Tak van die *Historiese Genootskap,* notuleer sy uiterse besorgdheid oor die onvolwaardige plek wat Geskiedenis as kernvak in die hoërskool tans beklee, en die onbetwisbare tekens van agteruitgang wat betref die aantal leerlinge wat Geskiedenis as skoolvak aanbied.

(b) Onderhewig aan die formulering van spesifieke voorstelle rakende die inhoud van leerplanne en die eksaminering van Geskiedenis as vak, wat die konferensie aan sy Voortsettingskomitee opdra, spreek hierdie vergadering dit as sy eenparige oortuiging uit dat die instelling van Geskiedenis as verpligte skoolvak deur die hoërskool tot matrikulasiepeil en as verpligte toelatingsvak tot die universiteit, in die Republiek 'n uitvoerbare mikpunt is wat met alle moontlike middele en sonder verwyl nagestreef moet word.

(c) Die konferensie dra dit aan die Hoofbestuur van die *S.A. Historiese Genootskap* op om hierdie standpunt kragdadig onder die aandag van alle onderwysowerhede, belas met die vasstelling van die werkinhoud en status van skoolvakke, te bring.

3. *Voorstel van mnr. M. J. Olivier en dr. G. J. J. Smit*

Hierdie Konferensie van Geskiedenisonderwysers onder beskerming van die Kaapstadse Tak van *Historiese Genootskap,* versoek die Onderwysdepartement om:

(a) Die bestaande Geskiedenisleerplan vir die Senior Sertifikaat en

(b) die primêre Geskiedenisleerplanne te laat ondersoek met die doel om vas te stel watter afdelings daarvan gewysig kan word ten einde beter in eietydse behoeftes te kan voorsien.

4. *Voorstel van mnr. P. H. Knapp*

(a) Dat hierdie Konferensie 'n versoek tot die *Historiese Genootskap van Suid-Afrika* rig om ondersoek in te stel na die moontlikheid om te

voorsien in die dringende behoefte van die geskiedenisonderwyser aan literatuur geskik vir skoolkinders, die behoefte aan kaarte ter illustrasie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, rolprente en ander hulpmiddels in die klaskamer.

(b) Dat hulle bevindinge en aanbevelings later in *Historia* gepubliseer word.

Die Voortsettingskomitee deur die Konferensie aangewys, bestaan uit die volgende persone:—

Dr. B. Booyens (saamroeper), prof. dr. P. S. du Toit, mnre. M. J. Olivier, E. H. W. Lategan en J. J. Smit (Sekr.).